EBRAHIM PATEL

Soja-aanleg 'hupstoot vir bedryf'

DIE parsaanleg vir soja wat deur Asië se grootste kommoditeitshandelsmaatskappy, Noble Resources, op Standerton opgerig word, kan 'n tegniese en finansiële grondslag bied om die landbou se verwerkingsprosesse uit te brei.

Só het mnr. Ebrahim Patel, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, gesê met die parlementêre voorlegging van sy departement se begroting van R772 miljoen.

Volgens Patel is Noble Resources vol vertroue dat die land sy algehele aanplantings van soja en ander oliesade sal uitbrei.

Die maatskappy wil 'n reeks produkte vir die plaaslike mark vervaardig wat beteken dat die land beduidend buitelandse geld sal spaar.

Patel sê as die land verwerkingsprosesse in die landbou vestig en sodoende waarde tot die land se landbouprodukte toevoeg, dan sal die grondslag gelê word vir groei op lang termyn ten opsigte van werkskepping in die landbou. Dit sal ook as buffer kan dien wanneer die bedryf ramptoestande, soos droogtetye of vloede, beleef.

Die Asiatiese maatskappy is die belegger in een van twee gevorderde soja-parsaanlegte wat tans opgerig word. Hy het die afgelope 12 maande reeds R2,2 miljard in die plaaslike ekonomie belê.

Die nuutste arbeidsmarksyfers van Statistieke SA wys dat 54 000 poste in die eerste kwartaal vanjaar in die formele landbousektor geskep is. In die jaar geëindig Maart het werkskepping in die landbou met 83 000 poste gegroei.

"Ons is baie bly oor die groei, maar ons sal 'n langtermyngrondslag vir groei in die landbousektor moet lê.

"Dit beteken ons sal die plaaslike mark moet herwin en omstandighede só verbeter dat daar groter vlakke van uitvoer is," het Patel gesê.

– JOYLENE VAN WYK